# DIE FOKUS




*Hier is ek! Stuur my!*

24/05/2026

# FOKUS OP DIE DIENS

**Pinksterfees**

**Prediker:** Dr. Enrico Casaleggio

**Skriflesing:** Psalm 23:6

**Tema**: *Hy maak my hoof vet met olie*

Die kollekte wat tydens Pinkster ingesamel is, gaan vir die Bybelgenootskap. Verlede jaar het ons 'n bedrag van R17 238.00 ingesamel. Die Bybelgenootskap vra R120 per lidmaat per jaar, indien moontlik. Daar is tans R26863 ingesamel vir hierdie jaar.

**Sondagskool:** Die kinders kom na die erediens op die boonste vloer vir Sondagskool bymekaar. Hulle gaan vandag saam met die onderwysers en maats kuier en baie lekker warm Milo of warm sjokolade geniet. Die Sondagskoolhoof, Ronel Matthee, beplan ook 'n spesiale kuiertyd vir ons kinders se maatjies die 7de Junie 2026. Sien asb. die aangehegte plakkaat vir inligting. Ons doen 'n vriendelike, tog baie dringende beroep op die ouers om saam met hul kinders die erediens by te woon.

**Kleuterkerk:** Na die Kindermoment in die erediens kan die kindertjies met ouderdomme tussen ***3 jaar en Graad R*** saam uitbeweeg na die konsistorie. Die leerplan van ODOS word met ons klein maatjies gedoen.

**Belydenisklas**: Die belydenisklas kom direk na die erediens by dr. Enrico bymekaar. Ons kyk vandag na Islam. Behalwe vir die feit dat dit deel van die leerplan is, is dit ook toerusting vir die belydenisklas se uitreik na Durban in Julie.




# FOKUS OP DIE GEMEENTE

Daar is elke Vrydagoggend van 6:30 – 7:00 'n gebedsgeleentheid in die Gebedskamer. Die tyd is so vroeg in die oggend om mense wat nog moet werk toe gaan, ook die geleentheid te gee om dit by te woon. Daar sal tydens die biduur 'n kort boodskap uit die Bybel wees. Die biduur sal 'n meditatiewe aard hê. Die tyd en aard van die biduur mag dalk ook mettertyd aangepas word.

**VROUEBYBELSTUDIE**: Daar is Bybelstudie vir die vroue (Donderdae 10:00 by die kerkgebou), asook by die Aftreeoord (Donderdae 9:00). Ons gaan 'n nuwe reeks doen oor die *Vrug van die Heilige Gees*. Dit is 'n onderwerp waarna ons nog nooit tydens die Bybelstudie gekyk het nie.

**BREIPROJEK:** Aan almal wat flink is met die vingers. Truitjies vir kinders tot die ouderdom van 6 jaar is baie welkom. Ons beplan om einde Mei/begin Junie 2026 die truitjies by die kerkkantoor te verdeel na al die instansies waar daar nood is. Die truitjies wat klaar is, kan Maandae tot Vrydae tussen 8:30 en 12:30, na die kerkkantoor gebring word. Julle is welkom om dit ook Sondae, voor of na die erediens, by die kantoor te besorg.

Indien daar mense is wat nie brei nie, kan u enige warm baadjie/sweetpakkie ook skenk. U is baie welkom om dit ook na die kerkkantoor te bring.

# FOKUS OP TOERUSTING

**BYBELSKOOL:** Ons nooi jou hartlik uit om saam met ons 'n reis voort te sit, deur die elemente van die Vrug van die Heilige Gees, soos verwoord deur Galasiërs 5:22,23. In 'n wêreld wat dikwels hard, gejaagd en verdeeld voel, roep God ons om mense te word wat onder andere liefde, vrede, geduld en selfbeheersing uitleef. Hierdie studie is nie net vir "dieper kennis" nie, maar meer nog *vir 'n dieper lewe* — 'n lewe waarin Christus se karakter sigbaar word in ons woorde, ons verhoudings en ons daaglikse keuses. Kom ontdek saam hoe die Heilige Gees ons vorm, genees en stuur om ligdraers te wees waar ons leef en werk. Jou teenwoordigheid sal die reis ryker maak. Hierdie week kyk ons spesifiek na goedgunstigheid as 'n aspek van die vrug van die Heilige Gees. Ons kyk hierdie week spesifiek na die aspek van GOEDHARTIGHEID.

**Apolo-Tiener**: Die tieners kuier Donderdagaand 19:00 by dr. Enrico. Ons is hierdie kwartaal besig met 'n kursus oor hoe die argeologie bepaalde gebeurtenisse of die bestaan van persone in die Bybel bevestig. Studente is ook baie welkom.

# FOKUS OP VOORBIDDING

- ✞ Ons bid vir ons gemeente se aktiwiteite. Veral ook vir die funksie, Stoepstories, wat ons die 29ste aanbied. Ook vir ons Sondagskool se spesiale saam kuier op 7 Junie 2026.
- ✞ Ds. Johannes Schabort, oudleraar van ons gemeente, het 'n operasie ondergaan om 'n kwaadaardige gewas uit sy nek te verwyder. Hy ervaar tans baie pyn. Hy moet ook nog bestralingsterapie ontvang. Ons bid hom spoedige en volkome herstel toe.
- ✞ Daar is baie druk op onderwysers, skoliere en studente met baie eise wat aan hulle gestel word. Ons bid dat die Here hulle in die tyd van drukte voortdurend sal herinner aan Sy konstante, liefdevolle teenwoordigheid.

# FOKUS OP VERJAARSDAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24/05/2026: | Stefan Botha, Marinda Kruger | 27/05/2026: | Geen |
| 25/05/2026: | Elize Coetzee | 28/05//2026: | Michelle Meyer, Reana van Niekerk |
| 26/05//2026: | Jané Erasmus, Gerrie Jordaan, Marina Venter | 29/05/2026: | Danie Jacobs |
| | | 30/05/2026: | Geen |

# FOKUS OP PSALM 23 VERTALINGS

## The Lord Is My Shepherd

*A Psalm of David.*

THE LORD IS MY SHEPHERD; I SHALL NOT WANT.
HE MAKES ME LIE DOWN IN GREEN PASTURES.
HE LEADS ME BESIDE STILL WATERS.
HE RESTORES MY SOUL.
HE LEADS ME IN PATHS OF RIGHTEOUSNESS
FOR HIS NAME'S SAKE.
EVEN THOUGH I WALK THROUGH THE VALLEY OF THE SHADOW OF DEATH,
I WILL FEAR NO EVIL,
FOR YOU ARE WITH ME;
YOUR ROD AND YOUR STAFF,
THEY COMFORT ME.
YOU PREPARE A TABLE BEFORE ME
IN THE PRESENCE OF MY ENEMIES;
YOU ANOINT MY HEAD WITH OIL;
MY CUP OVERFLOWS.
SURELY GOODNESS AND MERCY SHALL FOLLOW ME
ALL THE DAYS OF MY LIFE,
AND I SHALL DWELL IN THE HOUSE OF THE LORD
FOREVER.

*(Psalm 23 – ESV)*